# APPENDIX C2

# SITE NOTICES AND NEWSPAPER ADVERTISEMENTS

# SITE NOTICES

# NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESSES FOR THE PROPOSED DEVELOPMENT OF THE HYDRA B CLUSTER OF RENEWABLE ENERGY FACILITIES AND GRID CONNECTION INFRASTRUCTURE, PIXLEY KA SEME DISTRICT MUNICIPALITY, NORTHERN CAPE PROVINCE

***Applicant:*** *Akuo Energy Afrique*

***Proposed Activity:*** Hydra B Cluster (the "Cluster") entails the development of twenty-one (21) solar energy facilities. The following infrastructure will be associated with the developments.

» Solar PV array comprising PV modules and mounting structures (monofacial or bifacial and a single axis tracking system)
» Inverters and transformers
» Cabling between the project components
» Battery Energy Storage System (BESS)
» On-site facility substation and power lines between the solar PV facility and the Eskom substation (to be confirmed and assessed through a separate process)
» Site offices, Security office, operations and control, and maintenance and storage laydown areas
» Access roads, internal distribution roads

Grid infrastructure for the project is to be confirmed in consultation with Eskom and will be assessed through a separate EIA process.

***Project Location:*** The projects are located approximately 20km north of Philipstown and 30km west of Petrusville within the Pixley ka Seme District Municipality in the Northern Cape Province. The projects are proposed on the following farms:

| No | Project name | Farm Name and portion Number | Capacity |
|---|---|---|---|
| 1 | Tafelkop Solar PV Facility | Portion 3 of the Farm Grass Pan 40 | 240MW |
| 2 | Koppy Alleen Solar PV Facility | Portion 5 of the Farm Koppy Alleen 83 | 100MW |
| 3 | Vrede Solar PV Facility | Portion 5 of the Farm Bas Berg 88 | 150MW |
| 4 | Zionsheuvel Solar PV Facility | Remainder of Farm Leeuwberg 79 | 240MW |
| 5 | Amper Daar Solar PV Facility | Remainder of Farm Wolwe Kuil 44 | 100MW |
| 6 | Wag-'n-Bietjie Solar PV Facility | Portion 1 of the Farm Leeuwe Berg 45 | 100MW |
| 7.1 | Ruspoort 1 Solar PV Facility (**Option A)** | Portion 5 of the Farm Bokken Kraal 81 **(Option A)** | 100MW |
| 7.2 | Ruspoort 1 Solar PV Facility (**Option B)** | Portion 4 on the Farm Knoffelfontein 74<br>Portion 1 on the Farm 78<br>Portion 2 on the Farm Leeuwberg 79 **(Option B)** | 100MW |
| 8 | Ruspoort 2 Solar PV Facility | Portion 2 of the Farm Leeuwberg 79 | 100MW |
| 9 | JW Solar PV Facility | Remainder of the Farm Plaas 196 | 240MW |
| 10 | Pro Deo Solar PV Facility | Portion 1 of the Farm Grass Pan 40 | 100MW |
| 11 | Uitkyk Solar PV Facility | Remainder of the Farm Plaas 197 | 100MW |
| 12 | Middelplaas Solar PV Facility | Portion 4 of the Farm Grass Pan 40 | 100MW |
| 13 | Kareekloof Solar PV Facility | Remainder of the Farm Swart Koppies 86 | 100MW |
| 14 | Oosthuisfontein Solar PV Facility | Remainder of the Farm Oosthuisfontein 108 | 100MW |
| 15 | JAN Solar PV Facility | Portion 1 of the Farm Schaap Kraal 38,<br>Portion 1 of the Farm Annex Donker Hoek 89;<br>and Remainder of Farm Kuhns Post 90 | 240MW |
| 16 | Driefontein Solar PV Facility | Portion 1 of the Farm Driefontein 87 | 100MW |
| 17 | Jagpoort Solar PV Facility | Portion 2 of the Farm Driefontein 87,<br>Portion 3 of the Farm Driefontein 87, and<br>Portion 2 of the Farm Kareekloof 85 | 150MW |
| 18 | Strydam Solar PV Facility | Portion 3 of the Farm Stryd Dam 107 | 240MW |
| 19 | Roodekraal Solar PV Facility | Remainder of the Farm Roode Kraal 106 | 150MW |
| 20 | Bokkraal Solar PV Facility | Remainder of the Farm Bokken Kraal 81 | 100MW |
| 21 | HCA Solar PV Facility | Portion 4 of the Farm Koppy Alleen 83 | 100MW |

**Environmental Impact Assessment Processes:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, an EIA process is required for each renewable energy facility. Savannah Environmental is undertaking the required EIA, and public participation processes for these projects. A Background Information Document (BID) is available for review and comment on the Savannah Environmental website at www.savannahsa.com/public-documents/energy-generation/. To obtain further information and register on the project database and submit comments or queries, please refer to the contact information:

**Nondumiso Bulunga** of **Savannah Environmental**
P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237
Mobile: 060 978 8396 (including WHATSAPP & pls call me)
Fax: 086 684 0547
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com

savannah environmental

MAY 2022

This notice is **not** for **job applications** but rather an opportunity to **register/comment** on the project.
Should you know of any **vulnerable person** that needs to be informed of and part of this proposed project, please contact us.

**KENNISGEWING VAN OMGEWINGSIMPAKEVALUERING EN OPENBARE DEELNAMEPROSESSE VIR DIE BEOOGDE ONTWIKKELING VAN DIE HYDRA B-GROEPERING HERNUBARE KRAGAANLEGTE EN ROOSTERKONNEKSIE-INFRASTRUKTUUR, PIXLEY KA SEME DISTRIKSMUNISIPALITEIT, NOORD-KAAPPROVINSIE**

***Applikant:*** *Akuo Energy Afrique*

***Beoogde aktiwiteit:*** Hydra B-groepering (die "Groepering") behels die ontwikkeling van een-en-twintig (21) sonkragaanlegte. Die onderstaande infrastruktuur sal verband hou met die ontwikkelings:

» FV-sonkragreeks bestaande uit FV-modules (met een- of tweekantige opwekking) en monteerstrukture ('n enkelas-nasporingstelsel)
» Wisselrigters en transformators
» Kabels tussen die projekkomponente
» Batterykragbergingstelsel (BESS)
» Interne aanlegsubstasie en kraglyne tussen die FV-sonkragaanleg en die Eskom-substasie (moet deur 'n aparte proses bevestig en geëvalueer word)
» Terreinkantore, sekerheidskantoor, bedryfs- en beheergebou en instandhoudings- en bergingsgebiede
» Toegangspaaie, interne verspreidingspaaie

Roosterinfrastruktuur vir die projek moet in oorleg met Eskom bevestig word en sal deur 'n aparte OIE-proses geëvalueer word.

***Projekligging:*** Die projekte is sowat 20 km noord van Philipstown en 30 km wes van Petrusville in die Pixley ka Seme Distriksmunisipaliteit in die Noord-Kaapprovinsie geleë. Die projekte word op die volgende plase beoog:

| **No.** | **Projeknaam** | **Plaasnaam en gedeeltenommer** | **Vermoë** |
|---|---|---|---|
| 1 | Tafelkop FV-sonkragaanleg | Gedeelte 3 van die Plaas Grass Pan 40 | 240MW |
| 2 | Koppy Alleen FV-sonkragaanleg | Gedeelte 5 van die Plaas Koppy Alleen 83 | 100MW |
| 3 | Vrede FV-sonkragaanleg | Gedeelte 5 van die Plaas Bas Berg 88 | 150MW |
| 4 | Zionsheuvel FV-sonkragaanleg | Restant van die Plaas Leeuwberg 79 | 240MW |
| 5 | Amper Daar FV-sonkragaanleg | Restant van die Plaas Wolwe Kuil 44 | 100MW |
| 6 | Wag-'n-Bietjie FV-sonkragaanleg | Gedeelte 1 van die Plaas Leeuwe Berg 45 | 100MW |
| 7.1 | Ruspoort 1 FV-sonkragaanleg **(Opsie A)** | Gedeelte 5 van die Plaas Bokken Kraal 81 **(Opsie A)** | 100MW |
| 7.2 | Ruspoort 1 FV-sonkragaanleg **(Opsie B)** | Gedeelte 4 van die Plaas Knoffelfontein 74<br>Gedeelte 1 van Farm 78<br>Gedeelte 2 van die Plaas Leeuwberg 79 **(Opsie B)** | 100MW |
| 8 | Ruspoort 2 FV-sonkragaanleg | Gedeelte 2 van die Plaas Leeuwberg 79 | 100MW |
| 9 | JW FV-sonkragaanleg | Restant van Plaas 196 | 240MW |
| 10 | Pro Deo FV-sonkragaanleg | Gedeelte 1 van die Plaas Grass Pan 40 | 100MW |
| 11 | Uitkyk FV-sonkragaanleg | Restant van Plaas 197 | 100MW |
| 12 | Middelplaas FV-sonkragaanleg | Gedeelte 4 van die Plaas Grass Pan 40 | 100MW |
| 13 | Kareekloof FV-sonkragaanleg | Restant van die Plaas Swart Koppies 86 | 100MW |
| 14 | Oosthuisfontein FV-sonkragaanleg | Restant van die Plaas Oosthuisfontein 108 | 100MW |
| 15 | JAN FV-sonkragaanleg | Gedeelte 1 van die Plaas Schaap Kraal 38;<br>Gedeelte 1 van die Plaas Annex Donker Hoek 89;<br>en Restant van die Plaas Kuhns Post 90 | 240MW |
| 16 | Driefontein FV-sonkragaanleg | Gedeelte 1 van die Plaas Driefontein 87 | 100MW |
| 17 | Jagpoort FV-sonkragaanleg | Gedeelte 2 van die Plaas Driefontein 87;<br>Gedeelte 3 van die Plaas Driefontein 87; en<br>Gedeelte 2 van die Plaas Kareekloof 85 | 150MW |
| 18 | Strydam FV-sonkragaanleg | Gedeelte 3 van Plaas Stryd Dam 107 | 240MW |
| 19 | Roodekraal FV-sonkragaanleg | Restant van die Plaas Roode Kraal 106 | 150MW |
| 20 | Bokkraal FV-sonkragaanleg | Restant van die Plaas Bokken Kraal 81 | 100MW |
| 21 | HCA FV-sonkragaanleg | Gedeelte 4 van die Plaas Koppy Alleen 83 | 100MW |

**Omgewingsimpakevalueringsprosesse:** Ingevolge Artikel 24 en 24D van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998), saamgelees met Staatskennisgewing R324–R327, soos gewysig, moet 'n OIE-proses vir elke hernubare kragaanleg onderneem word. Savannah Environmental onderneem die nodige OIE- en openbare deelnameproses vir hierdie projekte. 'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) is op Savannah Environmental se webwerf by www.savannahsa.com/public-documents/energy-generation/ beskikbaar vir oorsig en kommentaar. Raadpleeg asseblief die kontakbesonderhede hieronder om meer inligting te bekom en om op die projek se databasis te registreer en kommentaar of navrae in te dien:

**Nondumiso Bulunga** van **Savannah Environmental**
Posbus 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237
Selfoon: 060 978 8396 (insluitende WHATSAPP & pls call me)
Faks: 086 684 0547
E-pos: publicprocess@savannahsa.com
Webwerf: www.savannahsa.com

savannah environmental

MEI 2022

Hierdie kennisgewing is **nie** vir **werksaansoek nie**, maar eerder 'n geleentheid om op die projek te **registreer/kommentaar te lewer**.
Sou u weet van enige **kwesbare persoon** wat oor hierdie beoogde projek ingelig moet word of deel daarvan moet wees, kontak ons gerus.


**PROOF OF SITE NOTICES** (Date placed: 28 May 2022)





Co-ordinates: 30°11'10.97"S / 24°19'13.39"E

# PROCESS NOTICES


**PROOF OF PROCESS NOTICES**





BKB Offices Phillipstown





OVK Offices Petrusville





Renosterberg Local Municipal Offices




South African Police Services - Petrusville




De Aar Library




Pixley Ka Seme District Municipality Offices




Vanderkloof Shop – Vanderkloof

ADVERTISEMENTS

GAS- EN OLIEBRONNE SUID VAN MOSSELBAAI

# TotalEnergies en vennote vra toestemming vir ontginning

## Gebied in die oseaan sal sowat 12 000 km² beslaan

**Elise Tempelhoff**

Drie energiemaatskappye en 'n Suid-Afrikaanse konsortium wat glo in 2019 en 2020 'n aansienlike hoeveelheid gas suid van Mosselbaai ontdek het, doen nou by die regering aansoek om hierdie bron te ontgin.

TotalEnergies, QatarEnergy, Canadian Natural Resources International en die konsortium sê in die maatskaplike en omgewingsimpakverslag wat vir openbare kommentaar beskikbaar gestel is, hulle wil terselfdertyd na ander gasbronne (en moontlik ook olie) soek.

Hulle verwys spesifiek na die gebied oos van dié blokke (Luiperd en Brulpadda) in die Outeniqua-kom waar hulle reeds dié brandstowwe ontdek het.

Die gebied waar hulle in die oseaan werksaam sal wees, is tussen 75 km en 120 km vanaf die kuslyn en beslaan sowat 12 000 km². Die diepte van die oseaan wissel hier van 500 m tot 2 300 m.

Die vier maatskappye, onder leiding van TotalEnergies, doen aansoek om nog tien gate in die seebodem in die gebied te boor.

Die gas- en oliebronne wat hier ontgin sal word, sal met 'n pypleiding van sowat 109 km lank onder die seeoppervlak aan die bestaande infrastruktuur van PetroSA, suid van Mosselbaai, gekoppel word.

Seismiese opnames sal gedoen word om vas te stel waar nog olie- en gasbronne in die seebodem opgesluit is.

Luidens die dokument wys die departement van minerale bronne en energie daarop dat die ontwikkeling van gasbronne deel van Suid-Afrika se oorgang na 'n koolstofneutrale ekonomie is.

"Suid-Afrika moet ook sy eie gasreserwes en gepaardgaande infrastruktuur ontwikkel. Dit is noodsaaklik sodat die land minder afhanklik van ingevoerde gas vanaf Mosambiek kan word," sê die departement.

"Suid-Afrika se geïntegreerde hulpbronplan van 2019 plaas energie aan die kern van 'n waardige bestaan vir al sy inwoners, terwyl die land deeglik bewus is van sy verbintenisse ingevolge die Parys-ooreenkoms en dat hy sy uitlaatgasse moet verminder."

TotalEnergies sê in die verslag die sterk Agulhas-seestroom (een van die sterkste ter wêreld) tesame met hewige rukwinde en hoë branders maak van dié projek " 'n groot uitdaging", veral wat die oprigting van infrastruktuur betref.

Die maatskappy beklemtoon dat hy vroeëwaarskuwingstelsels sal gebruik as stormwinde die gebied nader. Dit kan glo tot 12 dae voor die tyd voorspel word.

Luidens die verslag gaan die verkeer en geraas in dié deel van die oseaan aansienlik toeneem as die groep maatskappye met hul bedrywighede begin.

"Etlike honderde mariene spesies word in dié gebied aangetref."

Hulle wys daarop dat die werksaamhede in die gebied gaan plaasvind waar die jaarlikse sardientjiemigrasie begin.

Die sardientjiemigrasie vind jaarliks langs die KwaZulu-Natalse kus plaas wanneer dié vissies noordwaarts teen die kus beweeg.

Karet- en leerrugskilpaaie, asook die boggelwalvis en die suidelike noorkapper migreer ook deur dié gebied. 35 walvisspesies, waaronder die reusevinwalvis, wat tot 25 m lank word, word hier aangetref.

Minstens 11 dolfynspesies kom ook hier voor.

Haring, makriel, stokvis, koningklip, tuna (agt spesies), verskeie spesies marlyn en 13 haaispesies kom ook in die gebied voor. Die status van al hierdie haaie word in 'n mindere of meerdere mate as bedreig aangetoon.

Die Kaapse pelsrob en minstens 60 voëlspesies, waaronder die kritiek bedreigde Afrika-pikkewyn, kom ook hier voor.

Die konsortium van maatskappye onderneem om aan alle wetsvereistes te voldoen en om sensitiewe mariene gebiede so ver as moontlik te vermy.


TotalEnergies beklemtoon dat geen korrupsie met betrekking tot die aansoek geduld sal word nie. Openbare vergaderings oor dié projek word van Maandag tot 26 Januarie op verskeie plekke aan die Kaapse suidkus gehou.

Die eerste vergadering is in Mosselbaai.

E-pos om as 'n geraakte party te registreer kan na teepsaEIA@WSP.com gestuur word of stuur 'n WhatsApp-boodskap na 076 694 3842.

### TotalEnergies en ander wil nou olie en gas uit die see pomp

**TotalEnergies en drie van sy vennote doen nou by die departement van minerale bronne en energie aansoek om tussen Mosselbaai en Kaap St. Francis olie en gas hier uit die see te pomp. Openbare vergaderings oor hierdie aansoek begin Maandag.**




Bron: WSP THAWLIB DAVIDS, Netwerk 24 Grafika

## Musk wêreldrekordhouer as mens wat grootste verlies ly

Die miljardêr Elon Musk is nou amptelik die wêreldrekordhouer vir die mens wat die grootste verlies in sy persoonlike fortuin gely het.

Luidens 'n verklaring van Guinness World Records het Musk sedert November 2021 sowat $182 miljard verloor, gegrond op ramings van *Forbes*. Ander bronne raam die verlies op nader aan $200 miljard.

Dit is byna onmoontlik om die presiese bedrag te bepaal, maar die totale verlies oortref beslis die vorige rekord van $58,6 miljard, wat die Japanse tegnologie-entrepreneur Masajosji Son in 2000 aangeteken het.

Volgens *Forbes* het Musk se netto waarde van 'n hoogtepunt van $320 miljard in 2021 tot $138 miljard in Januarie vanjaar gedaal, hoofsaaklik weens die swak vertoning van Tesla se aandele. Musk is ook geruime tyd gelede sy titel as die wêreld se rykste mens kwyt. Bernard Arnault van Frankryk, uitvoerende hoof van die luuksegoedere-konglomeraat LVMH (Moët Hennessy Louis Vuitton), met 'n geraamde netto waarde van $190 miljard, het hom verbygesteek.

Die grootste deel van Musk se fortuin is in Tesla-aandele, waarvan die waarde verlede jaar met 65% gedaal het. Die waarde het veral in Oktober skerp afgeneem nadat Musk Twitter vir sowat $44 miljard gekoop het.

Ondanks dié daling bly Tesla die waardevolste motormaatskappy ter wêreld.

Musk is steeds die wêreld se naasrykste mens, al het hy meer geld as enige mens in die geskiedenis verloor.

Die netto waarde van miljardêrs is baie meer wisselvallig en veranderlik as die netto waarde van iemand wat 'n gemiddelde inkomste verdien omdat die grootste deel van 'n miljardêr se fortuin gewoonlik aandele en beleggings is. **– Netwerk24**


# GEKLASSIFISEERD

**NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESSES AND AVAILABILITY OF THE SCOPING REPORTS FOR REVIEW AND COMMENT FOR THE PROPOSED DEVELOPMENT OF THE CROSSROADS GREEN ENERGY (PHASE 1) OF RENEWABLE ENERGY FACILITIES AND GRID CONNECTION INFRASTRUCTURE, PIXLEY KA SEME DISTRICT MUNICIPALITY, NORTHERN CAPE PROVINCE**

***Applicants:*** Akuo Energy Afrique

***Proposed Activity:*** Crossroads Green Energy (Phase 1) entails the development of nine (9) solar energy facilities. The following infrastructure will be associated with the developments.

» Solar PV array comprising PV modules and mounting structures (monofacial or bifacial and a single axis tracking system)
» Inverters and transformers
» Cabling between the project components
» Battery Energy Storage System (BESS)
» On-site facility substation and power lines between the solar PV facility and the Eskom substation (to be confirmed and assessed through a separate process)
» Site offices, Security office, operations and control, and maintenance and storage laydown areas
» Access roads, internal distribution roads

Each renewable energy facility will be constructed and operated as a separate stand-alone project and therefore, separate Scoping and Environmental Impact Assessment (S&EIA) processes will be undertaken for each of the renewable energy facilities. Grid infrastructure for the project is to be confirmed in consultation with Eskom and will be assessed through a separate EIA process.

***Project Location:*** The projects are located approximately 20km north of Philipstown and 30km west of Petrusville within the Renosterberg Local Municipality and the greater Pixley ka Seme District Municipality, Northern Cape Province.

**Environmental Impact Assessment Processes:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, an EIA process is required for each renewable energy facility. Savannah Environmental is undertaking the required EIA, and public participation processes for these projects. A Background Information Document (BID) providing further information on the projects is available on the Savannah Environmental website at https://savannahsa.com/public-documents/energy-generation/hydra-b-cluster/.

***Scoping Reports available for review & comment***: The Scoping Reports for the projects are available for download, review & comment on the Savannah Environmental website (see link above). The 30-day review & comment period of the Scoping Reports are as follows:

| Project | | | Review period |
|---|---|---|---|
| Tafelkop Solar PV | Koppy Alleen Solar PV | Vrede Solar PV | Friday, 13 January 2023 to Monday, 13 February 2023 |
| Zionsheuvel Solar PV | Amper Daar Solar PV | Wag-'n-Bietjie Solar PV | Monday, 16 January 2023 to Wednesday, 15 February 2023 |
| Ruspoort Solar PV1 | Ruspoort Solar PV2 | Middelplaas Solar PV | Wednesday, 18 January 2023 to Friday, 17 February 2023 |

To obtain further information and register on the project database and submit comments or queries, please refer to the contact information below.

**Nicolene Venter at Savannah Environmental**
P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237 / Fax: 086 684 0547
Mobile: 060 978 8396 (including Please Call Me)
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com

savannah environmental

X1XJGV5W-VB130123

vanrensburgs AUCTIONS

**OPENBARE VEILING**
In opdrag van die eienaars. Aanlyn & by die perseel op
**Vrydag, 3 Februarie 2023 @ 11:00**

**Sekuriteitsontwikkeling (±4ha)**
**JOUBERTINA, LANGKLOOF**



Plattelandse residensiële ontwikkeling (±4ha) met bestaande huurinkomste en verdere ontwikkelingspotensiaal.

Daniel van Schalkwyk (AFSLAER) • 083 255 4245 • 044 878 2877
**vanrensburgsauctions.co.za**

X1XJDXL6-VB130123

**WAARSKUWING**

**Lesers moet hulle vergewis van alle dienste wat in advertensies aangebied word en kwotasies en deposito's wat vereis word nagaan voordat hulle enigiets aanvaar. Dit is die verbruiker se verantwoordelikheid om die adverteerder met wie hulle sake wil doen, se getuigskrifte na te gaan.**

**Volksblad Geklassifiseerd bied 'n diens aan adverteerders deur hulle dienste en/of produkte te bemark, maar aanvaar egter geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir enige skade of eise van lesers teen die adverteerder nie.**

**Volksblad**

**REGSKENNISGEWINGS**

| | |
|---|---|
| Monge Motale | – 011-713-9443 |
| Jessica Meintjies | – 011-713-9052 |
| Madelein Botha | – 011-713-9750 |
| Aurelia Beukes | – 011-713-9065 |
| Antoinette Schickerling | – 011-713-9446 |

**E-POS**
Legals@beeld.com
Legals1@beeld.com
**Spertyd:**
3 werksdae voor publikasie
**Kansellasies:**
1 dag voor publikasie om 9:00

**VOLKSBLAD GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES**
**Telefoon:** 087 353 1316
**Epos:** olx@beeld.com
**Spertyd:** 11:00 vir volgende dag verskyning

000000-B1150820


## Koalisie ook hof toe oor megastad in Limopokom

**Elise Tempelhoff**

'n Tweede hofaansoek om die omgewingsgoedkeuring vir die Makhado-Musina-Spesiale Ekonomiese Sone (MMSES) tersyde te laat stel, is by die hooggeregshof in Polokwane ingedien.

Limpopo se LUR vir ekonomiese ontwikkeling, omgewing en toerisme het die departement se ontwikkelingsafdeling, die Limpopo-ontwikkelingsagentskap (Leda), omgewingsgoedkeuring gegee om dié massiewe nywerheidstad, wat van steenkoolkrag afhanklik gaan wees, in die Limpopokom op te rig.

Luidens regsdokumente vra The Herd Nature Reserve, Living Limpopo en die Centre for Applied Legal Studies (Cals) die hof om 'n stokkie voor die omgewingsgoedkeuring te steek.

Die koalisie, wat deur die omgewingsregslui All Rise Attorneys for Climate and Environmental Justice verteenwoordig word, sê in hofstukke die omgewingsimpakstudies wat goedgekeur is, neem nie die klimaatkrisis en die gebrek aan water in die Limpopokom in ag nie.

Navorsing het gewys die nywerheidstad sal in sy leeftyd meer as 1 miljard ton koolstofdioksied in die atmosfeer vrystel.

Die koalisie sê in 'n verklaring die beoogde oprigting van die mega-nywerheidstad gaan die ganse ekologie en maatskaplike en ekonomiese landskap van die sensitiewe Vhembe-biosfeerreservaat (Limpopokom) verander.

Die koalisie wys daarop dat die omgewingskonsultante van Delta Built Environment die departement gewaarsku het om nie die ontwikkeling goed te keur nie.

Hierna het Leda 'n ander konsultasiemaatskappy aangestel.

Dié het die departement tevrede gestel en die omgewingsimpakstudie is toe goedgekeur.

Minstens ses nieregeringsorganisasies het appèl teen die goedkeuring aangeteken, maar dit is verwerp.

Die hersieningsaansoek sluit verslae van twee kundiges in. Een verslag is van dr. Louis Snyman, hoof van omgewingsgeregtigheid by Cals wat die verlies aan biodiversiteit, probleme met watertoevoer, potensiële droogtes, vloede, besoedeling en die vernietiging van vleie in die gebied bestudeer het.

> **Die Vhembe-gebied huisves een van die mees biodiverse en kultureel sensitiewe streke in die land.**
> — Dr. Louis Snyman

Die tweede verslag is dié van dr. Victor Munnik, politieke ekoloog, wat fokus op die "gevaarlike planne" wat gemaak word om water vir die nywerheidstad in dié dorre gebied te kry.

Volgens Snyman huisves die Vhembe-gebied een van die mees biodiverse en kultureel sensitiewe streke in die land.

Dit sluit die noordelike deel van die Krugerwildtuin, die Mapungubwe-wêrelderfenisgebied en gebiede soos The Herd Reserve in.

Die hoofdirekteur van die departement se agentskap vir die omgewing, handel en bewaring, asook die departement van visserye, bosbou en die omgewing en die staatsmaatskappy MMSES is as respondente by die aansoek gevoeg.

■ In 'n afsonderlike hofaansoek vra Dzomo La Mupo, Save Our Limpopo Valley Environment (Solve) en groundWork die hooggeregshof in Pretoria om die departement se omgewingsgoedkeuring tersyde te stel omdat dié dokument en die proses wat gevolg is, vol foute en leemtes is.

■ Nié Albi Modise, woordvoerder van die departement van visserye, bosbou en die omgewing, of Zaid Kalla, woordvoerder van Limpopo se departement van ekonomiese ontwikkeling, omgewing en toerisme, het op navrae gereageer nie.

## PowerBall-wenner (28) reg om te spog

Die eerste wenner van vanjaar se PowerBall-boerpot – en een van die jongstes nóg – het aanvanklik gedink dis 'n bedrogspul toe sy hoor sy is die wenner.

Die 28-jarige inbelsentrum-agent van Pretoria het R72 miljoen ryker geword in Dinsdag se boerpot.

Luidens 'n verklaring het sy in 2013 deur 'n leerlingskapprogram by die versekeringsbedryf begin, maar sy wou nog altyd 'n loopbaan in die regte volg.

Sy beplan om haar leefstyl te verbeter en haar en haar gesin met die beste te bederf.

"Ek sal beslis 'n beter motor koop en 'n huis vir my en my gesin. Ek sien daarna uit om 'n spoggerige leefstyl te lei," sê sy.

Charmaine Mabuza, uitvoerende hoof van Ithuba, wat die nasionale lotery bedryf, sê as FNB-kliënt was die wenner in ongeloof toe 'n agent haar bel en inlig sy het meer as R250 000 gewen en moet na 'n Ithuba-kantoor gaan om haar wengeld op te eis. Sy het aanvanklik gedink dis 'n bedrogspul.

"Ek het nie gedink daar is regtig mense wat miljoene rande wen nie, want hulle is altyd anoniem en hul identiteit word verbloem as hulle foto's saam met die tjek neem.




**Een van die jongste wenners nóg van die nasionale lotery hou haar tjek van byna R73 miljoen vas.** Foto: VERSKAF

"Ek het gedink mense wen honderdduisende rande, nie miljoene nie. Ek glo dit nou en ek sien hoe dit iemand se lewe in 'n oogwink verander," sê die wenner.

Mabuza sê soos met almal wat meer as R50 000 wen, het Ithuba finansiële adviseurs wat die wenners van advies bedien. "Daar is ook 'n span sielkundiges wat tyd saam met hulle deurbring en help om oor die skok te kom. Ons wens vanjaar se eerste PowerBall-wenner sterkte toe en sal toesien dat sy die beste finansiële advies ontvang."